# Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel: 13

## DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD

Nederlandse Geloofsbelydenis

# DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD

Artikel: 13

Ons glo dat die goeie God, nadat Hy alle dinge geskep het, dit nie laat vaar of aan die toeval of geluk oorgegee het nie maar dit volgens sy heilige wil so bestuur en regeer dat in hierdie wêreld niks sonder sy beskikking gebeur nie.

Tog is God nie die bewerker van die sondes wat gedoen word nie en Hy dra ook nie die skuld daarvoor nie.

Sy mag en goedheid is immers so groot en onbegryplik dat Hy sy werk baie goed en regverdig beskik en uitvoer, selfs al handel die duiwe[illegible]delose mense onregverdig.

Ons wil ook nie v[illegible] wat ons kan verstaan, nuuskierig ondersoek instel na dié dinge wa[illegible]die vermoë van die menslike ve[illegible]oen nie; inteendeel, ons eerbiedig juis in alle nederigheid en in aanbid[illegible]regverdige oordele van G[illegible]ir ons verborge is.

Ons is tevre[illegible]mee dat ons leerlinge van Christus is om slegs te leer ken wat Hy aan ons in s[illegible]openbaar, sonder om[illegible]nse daarvan te oorskry.

Hierdie[illegible]d onuitspreeklike troos as ons daardeur geleer word dat niks per toeval oor ons kan ko[illegible]aar alles [illegible]beskikking van ons g[illegible]r oor ons [illegible]ons met vaderlike so[illegible]ers so o[illegible]kepsels dat sond[illegible]almal getel - en [illegible]een mo[illegible]



Daarom verwerp ons ook die gruwelike dwaling van die Epikureërs, wat sê dat God Hom met niks bemoei nie en alle dinge aan die toeval oorlaat.

# DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD



Ons glo dat die goeie God, nadat Hy alle dinge geskep het, dit nie laat vaar of aan die toeval of geluk oorgegee het nie



Johannes 5:17: Maar Jesus het hulle geantwoord: “My Vader is tot nou toe aan die werk, en Ek is ook aan die werk.”

Hebreërs 1:3: Hy is die uitstraling van God se heerlikheid, en die ewebeeld van sy wese. Hy hou alles in stand deur sy magtige woord; en nadat Hy die reiniging van sondes bewerk het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogtes.

# DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD



Ons glo dat die goeie God, nadat Hy alle dinge geskep het, dit nie laat vaar of aan die toeval of geluk oorgegee het nie maar dit volgens sy heilige wil so bestuur en regeer dat in hierdie wêreld niks sonder sy beskikking gebeur nie.



Psalm 115:3: Ons God is in die hemel; alles wat Hom behaag, doen Hy.

Spreuke 16:1: 'n Mens kry sy gedagtes agtermekaar, maar die antwoord van die tong kom van die HERE.

Spreuke 16:9: Die hart van 'n mens beplan sy pad, maar die HERE bepaal sy voetstappe.

Spreuke 16:33: Die lot word gewerp in die vou van die kleed, maar elke beslissing daarvan kom van die HERE.

Spreuke 21:1: Die koning se hart is waterstrome in die hand van die HERE: Hy lei dit waarheen Hy wil.

Klaagliedere 3:37-38: Wie sê iets en dit gebeur as my Heer dit nie gebied het nie? Kom sowel die goeie as die slegte nie uit die mond van die Allerhoogste nie?

Efesiërs 1:11-12: In Hom is ons ook as erfgename uitverkies, voorbestem volgens die voorneme van die Een wat alles volgens sy raad en wil laat gebeur, sodat ons, wat van die begin af ons hoop op Christus gevestig het, kan bestaan tot lof van sy heerlikheid.

Jakobus 4:13-15: Kom nou, julle wat sê: “Vandag of môre sal ons na hierdie of daardie stad gaan, en 'n jaar daar deurbring, en handel dryf en wins maak.” Julle weet nie eers wat môre gaan gebeur nie. Hoe is julle lewe dan? Dit is maar 'n miswolkie, wat net vir 'n kort rukkie verskyn en dan weer verdwyn. Julle moet eerder sê: “As die Here wil en ons nog leef, sal ons dit of dat doen.”

Nederlandse Geloofsbelydenis

# DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD

Artikel: 13

Tog is God nie die bewerker van die sondes wat gedoen word nie en Hy dra ook nie die skuld daarvoor nie.



Jakobus 1:13: Laat niemand wat versoek word, sê: "Ek word deur God versoek" nie, want God kan nie deur kwaad versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie.

1 Johannes 2:16: want alles in die wêreld – dit wat die liggaam begeer, en dit wat die oë begeer, arrogante spoggery oor besittings – is nie uit die Vader nie, maar uit die wêreld.

# DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD



Sy mag en goedheid is immers so groot en onbegryplik dat Hy sy werk baie goed en regverdig beskik en uitvoer, selfs al handel die duiwels en goddelose mense onregverdig.



Job 1:21: Hy het gesê: “Naak het ek uit my moeder se skoot gekom, en naak sal ek na die skoot van die aarde terugkeer. Die HERE het gegee en die HERE het geneem. Mag die Naam van die HERE geprys word!”

Jesaja 10:5-7: “Wee Assirië, die stok van my toorn! My verontwaardiging – 'n staf is dit in hulle hand. Teen 'n nasie, vervreem van God, stuur Ek hom; teen die volk op wie my gramskap rus, gee Ek hom volmag, om oorlogsbuit te roof en buit te maak, om van hulle 'n vertrapte ding, soos die kleigrond van strate, te maak. Maar hy het dit nie so bedink nie, sy hart het dit nie so beplan nie; want sy voorneme was om uit te delg, om tallose nasies uit te roei.

Jesaja 45:7: die Een wat die lig vorm en die duisternis skep, wat voorspoed bewerk en onheil skep. Ek, die HERE, bewerk al hierdie dinge.

Amos 3:6: As 'n ramshoring in 'n stad geblaas word, bewe mense nie? As daar teenspoed in 'n stad is, het die HERE dit nie gedoen nie?

Handelinge 2:23: Julle het hierdie man, wat deur die vaste plan en voorkennis van God uitgelewer is, deur die hand van wettelose mense gekruisig en doodgemaak.

Handelinge 4:27-28: “Want inderdaad, in hierdie stad het hulle – Herodes en Pontius Pilatus, saam met die heidennasies en die volke van Israel – saamgespan teen u heilige Dienskneg Jesus, wat U gesalf het om alles te doen wat U deur u hand en u plan vooruit beskik het dat dit gebeur.

Nederlandse Geloofsbelydenis

# DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD

Artikel: 13

Ons wil ook nie verder as wat ons kan verstaan, nuuskierig ondersoek instel na dié dinge wat Hy bo die vermoë van die menslike verstand doen nie; inteendeel, ons eerbiedig juis in alle nederigheid en in aanbidding die regverdige oordele van God wat vir ons verborge is.



Genesis 45:8: Dus, dit is nie julle wat my hierheen gestuur het nie, maar God. Hy het my as 'n vader vir die farao aangestel, as 'n heer vir sy hele huishouding en 'n regeerder oor die hele Egipteland.

2 Samuel 16:10: aar die koning het geantwoord: “Hoe moet ek julle verstaan, seuns van Seruja? Hy skel so omdat die HERE vir hom gesê het, ‘Skel Dawid uit!’ Wie kan dan sê, ‘Waarom maak jy so?’ ”

1 Konings 22:19 - 23: Maar Miga het gesê: “Daarom, hoor die woord van die HERE! Ek het die HERE sien sit op sy troon, met die hele hemelse leër wat by Hom staan, aan sy regter- en aan sy linkerkant. Toe sê die HERE, ‘Wie sal Agab mislei, sodat hy optrek en val by Ramot in Gilead?’ Die een het dit voorgestel en die ander dat.'n Gees tree toe na vore, gaan staan voor die HERE en sê, ‘Ek is die een wat hom sal mislei.’ Toe vra die HERE vir hom, ‘Hoe?’ Hy het geantwoord, ‘Ek sal uitgaan en 'n leuengees wees in die mond van al sy profete.’ Daarop sê die HERE, ‘Jy sal hom mislei en ook slaag. Gaan maak so!’ Daarom, kyk, die HERE het 'n leuengees geplaas in die mond van al hierdie profete van u. Die HERE self het onheil teen u gelas.”

Psalm 75:7-8: Want verheffing kom nie van waar die son opkom of van waar dit ondergaan nie, en ook nie van die woestyn af nie. Nee, God is regter: Die een verneder Hy, die ander verhef Hy.”

Spreuke 16:4: Die HERE het sy doel met alles; selfs 'n goddelose bestaan vir die dag van onheil.

Esegiël 14:9: En wat die profeet betref – as hy verlei word en 'n uitspraak maak, is dit Ek, die HERE, wat daardie profeet verlei het. Ek sal my hand teen hom uitstrek en hom verdelg uit die midde van my volk Israel.

Romeine 1:28: En omdat hulle dit as verwerplik beskou het om aan God erkenning te gee, het God hulle oorgegee aan 'n verwerplike denkwyse, sodat hulle onbetaamlik optree.

Romeine 11:33-34: O, diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, en hoe onnaspeurbaar sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken? Of wie het as sy raadsman opgetree?

2 Tessalonisense 2:11: En daarom laat God die krag van dwaling oor hulle kom, sodat hulle die leuen sal glo,

Nederlandse Geloofsbelydenis

# DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD

Artikel: 13

Ons is tevrede daarmee dat ons leerlinge van Christus is om slegs te leer ken wat Hy aan ons in sy Woord openbaar, sonder om die grense daarvan te oorskry.



Deuteronomium 29:29: “Wat verborge is, is die HERE, ons God, se saak; wat geopenbaar is, is altyd vir ons en ons kinders van belang, sodat ons die woorde van hierdie wet kan uitvoer.”

1 Korintiërs 4:6: Hierdie dinge, broers,  het ek om julle onthalwe op myself en Apollos van toepassing gemaak, sodat julle deur ons kan leer om julle nie te verhef bo wat geskryf is nie, sodat niemand homself belangrik sal ag omdat hy vir die een is en teen 'n ander nie.

# DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD



Hierdie leer bied onuitspreeklike troos as ons daardeur geleer word dat niks per toeval oor ons kan kom nie maar alles deur die beskikking van ons goeie hemelse Vader oor ons kom. Hy waak oor ons met vaderlike sorg en heers so oor alle skepsels dat sonder die wil van ons Vader nie een haar van ons kop - hulle is almal getel - en ook nie een mossie op die aarde sal val nie.



**Assarius:** 'n Romeinse kopermuntstuk wat 1/16 van 'n denarius werd was; Geldeenhede

Matteus 10:29, 30: “Word twee mossies nie vir 'n assarius verkoop nie? En nie een van hulle sal op die grond val sonder julle Vader nie. En julle – selfs die hare op julle kop is almal getel. Moet dan nie bang wees nie – julle is meer werd as baie mossies.”

Nederlandse Geloofsbelydenis

# DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD

Artikel: 13



**Ons verlaat ons hierop, omdat ons weet dat Hy die duiwels en al ons vyande in toom hou, sodat hulle ons sonder sy toelating en wil geen skade kan aandoen nie.**

Genesis 45:8: Dus, dit is nie julle wat my hierheen gestuur het nie, maar God. Hy het my as 'n vader vir die farao aangestel, as 'n heer vir sy hele huishouding en 'n regeerder oor die hele Egipteland.

Genesis 50:20: Julle het kwaad teen my beplan, maar God het dit vir iets goeds in gedagte gehad, met die doel om te doen wat vandag gebeur – om 'n groot volk aan die lewe te hou.

2 Samuel 16:10: Maar die koning het geantwoord: “Hoe moet ek julle verstaan, seuns van Seruja? Hy skel so omdat die HERE vir hom gesê het, ‘Skel Dawid uit!’ Wie kan dan sê, ‘Waarom maak jy so?’ ”

Job 1:12: Die HERE sê toe vir die satan: “Kyk, alles wat aan hom behoort, is in jou hand. Net na homself mag jy jou hand nie uitsteek nie.” Die satan het toe uitgegaan, weg van die HERE af.

Job 2:6: Die HERE sê toe vir die satan: “Kyk, hy is in jou hand, maar sy lewe moet jy spaar.”

**Assarius:** 'n Romeinse kopermuntstuk wat $^{1}/_{16}$ van 'n denarius werd was; Geldeenhede

Matteus 10:29, 30: “Word twee mossies nie vir 'n assarius verkoop nie? En nie een van hulle sal op die grond val sonder julle Vader nie. En julle – selfs die hare op julle kop is almal getel. Moet dan nie bang wees nie – julle is meer werd as baie mossies.”

Romeine 8:28: Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir hulle wat Hom liefhet, vir hulle wat volgens sy voorneme geroep is;

Romeine 8:38-39: Ek is immers daarvan oortuig dat nóg dood, nóg lewe, nóg engele, nóg magte, nóg teenswoordige, nóg toekomstige gebeure, nóg kragte, nóg hoogte, nóg diepte, nóg enigiets anders in die skepping, ons sal kan skei van die liefde van God in Christus Jesus, ons Here.

# DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD



Daarom verwerp ons ook die gruwelike dwaling van die Epikureërs, wat sê dat God Hom met niks bemoei nie en alle dinge aan die toeval oorlaat.

# DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD



Ons glo dat die goeie God, nadat Hy alle dinge geskep het, dit nie laat vaar of aan die toeval of geluk oorgegee het nie maar dit volgens sy heilige wil so bestuur en regeer dat in hierdie wêreld niks sonder sy beskikking gebeur nie.

Tog is God nie die bewerker van die sondes wat gedoen word nie en Hy dra ook nie die skuld daarvoor nie.

Sy mag en goedheid is immers so groot en onbegryplik dat Hy sy werk baie goed en regverdig beskik en uitvoer, selfs al handel die duiwels en goddelose mense onregverdig.

Ons wil ook nie verder as wat ons kan verstaan, nuuskierig ondersoek instel na dié dinge wat Hy bo die vermoë van die menslike verstand doen nie; inteendeel, ons eerbiedig juis in alle nederigheid en in aanbidding die regverdige oordele van God wat vir ons verborge is.

Ons is tevrede daarmee dat ons leerlinge van Christus is om slegs te leer ken wat Hy aan ons in sy Woord openbaar, sonder om die grense daarvan te oorskry.

Hierdie leer bied onuitspreeklike troos as ons daardeur geleer word dat niks per toeval oor ons kan kom nie maar alles deur die beskikking van ons goeie hemelse Vader oor ons kom. Hy waak oor ons met vaderlike sorg en heers so oor alle skepsels dat sonder die wil van ons Vader nie een haar van ons kop - hulle is almal getel - en ook nie een mossie op die aarde sal val nie.

Ons verlaat ons hierop, omdat ons weet dat Hy die duiwels en al ons vyande in toom hou, sodat hulle ons sonder sy toelating en wil geen skade kan aandoen nie.

Daarom verwerp ons ook die gruwelike dwaling van die Epikureërs, wat sê dat God Hom met niks bemoei nie en alle dinge aan die toeval oorlaat.

# DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD



Ons glo dat die goeie God, nadat Hy alle dinge geskep het, dit nie laat vaar of aan die toeval of geluk oorgegee het nie1 maar dit volgens sy heilige wil so bestuur en regeer dat in hierdie wêreld niks sonder sy beskikking gebeur nie2.

Tog is God nie die bewerker van die sondes wat gedoen word nie en Hy dra ook nie die skuld daarvoor nie3.

Sy mag en goedheid is immers so groot en onbegryplik dat Hy sy werk baie goed en regverdig beskik en uitvoer, selfs al handel die duiwels en goddelose mense onregverdig4.

Ons wil ook nie verder as wat ons kan verstaan, nuuskierig ondersoek instel na dié dinge wat Hy bo die vermoë van die menslike verstand doen nie; inteendeel, ons eerbiedig juis in alle nederigheid en in aanbidding die regverdige oordele van God wat vir ons verborge is5.

Ons is tevrede daarmee dat ons leerlinge van Christus is om slegs te leer ken wat Hy aan ons in sy Woord openbaar, sonder om die grense daarvan te oorskry6.

Hierdie leer bied onuitspreeklike troos as ons daardeur geleer word dat niks per toeval oor ons kan kom nie maar alles deur die beskikking van ons goeie hemelse Vader oor ons kom. Hy waak oor ons met vaderlike sorg en heers so oor alle skepsels dat sonder die wil van ons Vader nie een haar van ons kop - hulle is almal getel - en ook nie een mossie op die aarde sal val nie (Mat 10:29, 30).

Ons verlaat ons hierop, omdat ons weet dat Hy die duiwels en al ons vyande in toom hou, sodat hulle ons sonder sy toelating en wil geen skade kan aandoen nie7.

Daarom verwerp ons ook die gruwelike dwaling van die Epikureërs, wat sê dat God Hom met niks bemoei nie en alle dinge aan die toeval oorlaat.

1 Johannes 5:17; Hebreërs 1:3
2 Psalm 115:3; Spreuke 16:1; Spreuke 16:9; Spreuke 16:33; Spreuke 21:1; Klaagliedere 3:37-38; Efesiërs 1:11-12; Jakobus 4:13-15
3 Jakobus 1:13; 1 Johannes 2:16
4 Job 1:21; Jesaja 10:5-7; Jesaja 45:7; Amos 3:6; Handelinge 2:23; Handelinge 4:27-28
5 Genesis 45:8; 2 Samuel 16:10; 1 Konings 22:19 - 23; Psalm 75:7-8; Spreuke 16:4; Esegiël 14:9; Romeine 1:28; Romeine 11:33-34; 2 Tessalonisense 2:11
6 Deuteronomium 29:29; 1 Korintiërs 4:6
7 Genesis 45:8; Genesis 50:20; 2 Samuel 16:10; Job 1:12; Job 2:6; Matteus 10:29-30; Romeine 8:28; Romeine 8:38-39